

*Is jy gewillig om deur God gebruik te word?*

*Wallis is 'n prinsdom van Groot Brittanje, geleë wes van London. Hierdie land het 'n wonderlike geskiedenis van herlewings onder God se kinders. God het in Sy genade Wallis al vier-en-twintig keer in die verlede met herlewing aangeraak. In die begin van die 20ste eeu het die mense daar opnuut 'n begeerte gehad om 'n nuwe aanraking en besoek van die Here in herlewing. Die laaste groot herlewing het in 1859-1860 plaasgevind.*

*Dit was die jaar 1904. Die hele Wallis was in sak en as. Die mense het ver van God afgedwaal. Geestelik was daar 'n laagtepunt, met geestelike verval aan die orde van die dag. Kerk dienste is swak bygewoon en kerklidmaatskap het afgeneem. Mense het onverskillig gestaan teenoor geestelike sake en sondige praktyke en morele verval was algemeen. Die kerke was formeel, terwyl die mense se geestelike lewe 'n laagtepunt bereik het. God se kinders het herlewing baie nodig gehad. God was egter op baie plekke en in baie mense dwarsdeur Wallis aan die werk in die aanloop tot die herlewing.*

*God het 'n jong man, Evan Roberts, op 'n besondere manier geroep. Hy het in die steenkoolmyne gewerk, maar het 'n besondere passie vir herlewing in sy land gehad. Vir langer as 13 jaar het hy vir 'n uitstorting van God se Gees gebid. Bidure en deur met baie verskillende groepe saam te bid het sy hoofdoel geword. Vroeg in 1904 het hy gehoor gegee aan God se roeping dat hy die Woord moet verkondig en dat hy klas begin loop om hom voor te berei.*

*Na 'n Sondag oggenddiens het Seth Joshua voorgedaan in gebed. Hy het onder andere gevra: "Here, verander die kerk en red die wêreld." Die Gees van God het daardie eenvoudige stelling gebruik en Evan Roberts se hart opnuut aangeraak. Hy het ook gebid: "Here, verander my hart." God het dit op sy hart gelê om terug te gaan na sy tuisgemeente in Loughor om vir 'n week dienste vir jongmense aan te bied. Na 'n biduur op Maandag 31 Oktober 1904 het sewentien jongmense agter gebly om na sy boodskap te luister.*

*Sewentien jongmense het op sy boodskap reageer. Getalle het elke aand toegeneem. Die Gees is op mense in die omgewing uitgestort soos wat God se kinders na Hom begin terugdraai het. En toe, skielik, soos 'n magtige tornado het God se Gees deur die hele land beweeg. Kerke het skielik vol geraak. Vreugde het na aanbiddingsdienste teruggekeer. So baie mense het by dienste opgedaag dat heelwat weggewys moes word. Dienste het selfs van tienuur die oggend tot middernag geduur!*

*Daar is daaglik drie verskillende dienste gehou. Verlorenes het dramaties tot bekering gekom – 70 000 binne twee maande, [85 000](#) in vyf maande en 100 000 in die volgende ses maande. Niemand het die veldtog georganiseer nie. Hulle het nie advertensies, openbare media of radio uitsendings of groot bekeringsveldtogte gebruik nie. Wanneer die Here se Gees in 'n herlewing van mense besit neem wat in die regte verhouding met Hom staan, kan Hy bykans die onmoontlike deur hulle bereik.*

*Die herlewing se impak is in feitlik elke uithoek van die samelewing gevoel – die dobbel- en drankbedryf se sake het afgeneem, drinkplekke en bordele het gesluit; uitstaande skuld is betaal, groot sportbyeenkomste is gekanselleer of uitgestel as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling; die aantal buite-egtelike geboortes het met 44 persent afgeneem in twee provinsies. Misdad het dramaties afgeneem. Nuus van die herlewing het na ander lande*

*versprei en mense het oral begin bid. God was spoedig aan die werk in stede en onder nasies oor die hele wêreld en het mense na Hom bekeer.*

*Evan Roberts het vir dertien jaar op Vrydagaande gebid vir herlewing, maar toe die Here by daardie besondere gebedsgeleentheid sy hart aangeraak het, het hy 'n nuwe passie ontvang. Hy het baie ure lank gebid en vir ses maande stoksielalleen in gebed deurgebring voordat hy in Loughor begin preek het. God het met hom gepraat en deeglik met sonde in sy eie lewe bemoeienis gemaak alvorens hy aan God gehoorsaam was. Evan het persoonlike herlewing ervaar wat daarna oorgespoel het na sy gemeente en uiteindelik 'n effek gelaat het op sy land. Is jy gewillig om deur God gebruik te word in jou huwelik, gesin, gemeente en gemeenskap? Lees ook 2 Kronieke 16:9)*